Waterkruik

JAARGANG 61 NO 39 29 September 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VIR OKTOBER

Ds. Gerben het studieverlof van Dinsdag 1 Oktober tot 31 Oktober. Ons wens jou alles van die beste toe met jou studie.

Die eredienste sal soos volg gelei word:

Sondag 6 Oktober:
Prop. Theuns de Bruyn: Beide eredienste

Sondag 13 Oktober:
Oggend. Ds. Arie Stavast
Aand: Dr. Malan van Rhyn

Sondag 20 Oktober:
Oggend: Ds. Gerben Meijer
Aand: Theuns de Bruyn

Sondag 27 Oktober:
Oggend: Prof. Henk Stoker
Aand: Ds. Gerben Meijer
(Hervormingsdiens)

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonale kas
By die deure : Kerkkas

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 5 & 6
Oudle.: Br. Neels Kloppers
Br. Jacques Tredoux
Diakens: Br. Riaan Reinecke
Br. Otto de Vries
Br. Eric Danielz
Br. Theuns van Wyk

Aand: Wyke 7 & 8
Oudle.: Br. Andries de Kock
Br. Jantus van der Linden
Diakens: Br. Braam Smith
Br. Louw Lemmer

TEESKINKBEURTE

Die susters nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

DIAKENSVERGADERING

Die Diakens vergader Donderdag 10 Oktober om 18:00 in die saal.

BYBELSTUDIE

Die Donderdag Bybelstudie hervat eers Donderdag **10 Oktober** om 09:30 in die konsistorie.

KATKISASIE

Die Katkisasie hervat volgende Sondag na die oggenderediens. Die hoërskool - katkisasie sluit op Maandag 10 Oktober

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee."
2 Tess 3:16

Dinsdag 1 Oktober
Sr. Marie Coetzer 082 463 1743

Donderdag 3 Oktober
Sr. Anne-Marie Coetzee 079 089 3551
Elrika Vermaak (16) 066 226 8121

Vrydag 4 Oktober
Br. Pieter du Plooy 083 234 6350

Saterdag 5 Oktober
Sr. Johanna Nel 083 555 7785
Elizabeth Swanepoel (5) 083 294 8250

Br. Pieter du Plooy vier Vrydag sy 84ste verjaardag en Saterdag vier *sr. Johanna Nel* haar 82ste verjaardag.

Hartlik geluk. Ons bid u die Here se ryke seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag God julle elke dag met sy krag en genade lei op Sy lewenspad. Mag julle 'n mooi dag saam met julle geliefdes hê.

MEELEWING

Ons wens ons skoliere en studente alles van die heel beste toe vir die laaste skof van die jaar. Mag God aan julle die krag en genade verleen om julle beste te kan doen.

"Maak my U wil bekend, Here, leer my u paaie. Laat U waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder." Psalm 25: 4 & 5

BEVESTIGING AS OUERLING

Br. Jaco du Plessis word tydens die aanderediens in die amp as ouderling bevestig.

Hartlik geluk. Mag die Here u wysheid en genade gee om die taak tot eer en verheerliking van sy Naam toe doen.

ATTESTATE

Attestate ontvang:

Ons heet die volgende lidmate wat na ons gemeente gekom het, hartlik welkom. Ons vertrou dat julle sommer gou tuis sal voel in ons midde.

Br. Celvin en sr. Franciska van der Merwe sluit met attestaat by ons. aan van Pretoria Alkantrant.

Twee broers, brs. *Janes en Jacobus Pretorius* het met attestaat vanaf Brits by ons aangesluit.

Br. Phillip Fourie kom van die Nederduits Hervormende Kerk Onverwacht af en word in die Gereformeerde kerk opgeneem.

Gemeenskap opgesê.
Sr. Aida Anderson vertrek na die Nederduits Hervormde Kerk Rietvallei.

Ons wens jou alles van die beste toe in jou nuwe gemeente.

Lente is hier....en hoor hoe sing die voëltjies!
Al die veld is vrolik en die Senior Vriende diensgroep bied 'n heerlike middage-ete en kuier aan op **19 Oktober 2024** om lente te vier!
Maak jou reg vir kos uit die boonste rakke.... en 'n heerlike oggend van vermaak van minuut tot minuut, tot noot vir noot. Neem kennis dat vervoer beskikbaar is indien nodig.

Tyd: 11h00
RSVP voor 15 Oktober by Nienke

SANGGROEP

Kersprogram 24 November 2024
Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om hul talente te kom deel met die oog op ons Kersprogram in November.
Oefentye : 6, 13 en 20 OKTOBER
vanaf 16:30 - 17:15
Kontak Ansie 072 605 8675

VASHOU AAN DIE WET VAN GOD BRING INSIG

Psalm 119: 137-144

Swaarkry is vir niemand lekker nie. Swaarkry maak dat 'n mens perspektief en hoop verloor. Die digter van Psalm 119 beskryf iets hiervan in ons teksgedeelte. Hy praat van ontsteltenis oor sy teëstanders (vs 139), hy beskryf homself as gering en verag (vs 141) en bely dat hy angs en benoudheid beleef (vs 143). Dit is duidelik dat hy swaarkry. Tog is sy swaarkry nie iets wat hom platslaan nie. Sy behoud is dat hy in alles steeds bly vashou aan die Woord en die wet van die Here.

Die wet leer ons hoe om in ons verhouding met God op te tree – teenoor Hom en mekaar. So word die wet meer as maar net 'n stel reëls: dit word die raamwerk waarbinne ons verhouding met God vorm kry.

Die wet van die Here is nie iets wat ons op 'n strakke meganiese manier nakom net om uit die moeilikheid te bly nie. Die wet gee inhoud en diepte en vorm aan ons verhouding met die almagtige God van die heelal. Dit bind ons dag na dag nog vaster aan Hom. Hoe meer ons met die wet te doen het, hoe meer het ons met God self te doen.

In swaarkry is dit 'n bron van konstante troos en hoop. Want om die wet van die Here te gehoorsaam, ook in swaarkry, is om elke dag nog nader aan Hom te groei. Hoe nader ons aan God groei, hoe meer insig gee Hy ons in die verstaan van die lewe en ons omstandighede.

Dan verstaan ons opnuut dat ook nie die ergste swaarkry ons kan platslaan nie, want ons hemelse Vader wat ons liefhet, was selfs bereid om sy enigste Seun te gee om die straf op ons sonde in ons plek te dra. En daar is niks wat ons van sy liefde kan skei nie.

Dr. EJ (Rassie) Smit (Wapadrant)

"As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. " Jakobus 5:13

Hy wat bid, omring sy lewe met 'n verskansing sterker as staal. Gebed is die weg waarlangs die krag en genade van God in werking kom op elke terrein van ons lewe – veral in beproewing. As jy gelowig bid, sal die Here gee wat Hy in sy wysheid weet vir jou die beste is, en daarby ook sy genade, wat vir die gelowige bidder altyd genoeg is.

Volhard in gebed en volg gelowig en gehoorsaam waar God jou lei. Dan word ook jou beproewings seënryke ondervindings wat jou nader aan die Here bring.

Solly Ozrovech

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

SKRIBA
Gert Wibbelink
082 787 6537

VOORS DIAK
Herman van Heerden
082 604 3352

OUDL. SKRIBA
Gert Wibbelink
082 787 6537

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

SONDAGKOSTER
Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan